# REGULASIES INSAKE AKADEMIESE ENTITEITE BINNE, TUSSEN EN NAAS DEPARTEMENTE (OF GELYKSTAANDE FAKULTEITSGEBASEERDE STRUKTURE) EN FAKULTEITE



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Januarie 2024

# REGULASIES INSAKE AKADEMIESE ENTITEITE BINNE, TUSSEN EN NAAS DEPARTEMENTE (OF GELYKSTAANDE FAKULTEITSGEBASEERDE STRUKTURE[1]) EN FAKULTEITE, 2023

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Regulasies |
| **Doel:** | Om 'n raamwerk te voorsien vir die instelling en funksionering van formeel goedgekeurde akademiese entiteite binne, tussen en naas departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) en fakulteite, naamlik sentrums, institute en skole (SIS). |
| **Goedkeuring:** | Senaat |
| **Goedkeuringsdatum:** | 24/11/2023 |
| **Implementeringsdatum:** | 01/01/2024 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | 2029 |
| **Vorige weergawes:** | Regulasies insake akademiese entiteite binne en naas departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) en fakulteite, 2018<br>Beleid oor sentrums, buro's en institute (SBI's), 2009 |
| **Eienaar[2]:** | Viserektor: Leer en Onderrig en Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie (NINS) (mede-eienaars) |
| **Kurator[3]:** | Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie |
| **Sleutelwoorde:** | akademiese entiteite, sentrums, buro's, institute, skole, tipe 1, 2 en 3, SIS-regulasies |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie regulasies as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture sluit byvoorbeeld in die verskillende afdelings van die departemente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe.

[2] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die regulasies funksioneer.

[3] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die regulasies.

## 1. INLEIDING

Om die doeltreffendheid en impak van die Universiteit Stellenbosch (US) te bevorder, is dit nodig om akademiese entiteite op bepaalde strategiese fokusgebiede tot stand te bring. Deur hierdie entiteite wil die US uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklasomgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer. Hierdie regulasies voorsien 'n raamwerk om ons navorsings-en-innovasie- sowel as ons onderrig-en-leerfokusgebiede in entiteite te organiseer waarmee ons nuwe kennisareas kan konsolideer en uitbou as toekomstige groeipunte en vlagskepe vir die Universiteit. Sulke entiteite moedig akademiese innovasie binne dissiplines aan, en lei terselfdertyd tot die vorming van formele samewerkingsvennootskappe tussen verskillende departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) en fakulteite.[4] By die US noem ons hierdie entiteite 'sentrums', 'institute' of 'skole' (wat vir die doel van hierdie regulasies saamgegroepeer word onder die versamelnaam 'akademiese entiteite' of 'SIS-entiteite').

Hierdie entiteite word gewoonlik tot stand gebring om die akademiese missie van universiteite uit te brei. Die instelling van dié entiteite word as belangrik beskou as gevolg van die organisatoriese buigsaamheid wat dit bied, en dit kan veelvuldige en veelsoortige vorms aanneem. By die US word SIS-entiteite binne, tussen of naas akademiese departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) en fakulteite tot stand gebring as aanvullende strukture met 'n duidelik omskrewe doel. Die entiteite versterk akademiese uitnemendheid op gebiede van strategiese belang vir die US en verleen dikwels toegang tot eksterne navorsingsfinansieringsmoontlikhede en -hulpbronne. SIS-entiteite is meestal, dog nie altyd nie, inter- en transdissiplinêr van aard en word tot stand gebring om samewerking tussen tradisionele akademiese universiteitstrukture soos departemente en fakulteite te verbeter.

Volgens die US Statuut (2019, bl 12, 10(3)(f) en (g)) kan die Raad "akademiese strukture en eenhede, insluitende fakulteite en departemente, instel, ontbind of hersaamstel op die aanbeveling van die Senaat". Die Senaat is verantwoordbaar teenoor die Raad vir die akademiese en navorsingswerksaamhede van die Universiteit (Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, artikel 28(1)). Daarom is hierdie regulasies slegs van toepassing op akademiese entiteite wat onder die beskerming van die Senaat funksioneer, en nie op professionele akademiese en administratiewe steundienste- (PASD-)omgewings nie. Dít beteken dat hoewel die naam 'sentrum' ook vir entiteite in die PASD-omgewing gebruik word, daardie sentrums nie ingevolge die bepalings van hierdie regulasies ingestel of bestuur word nie.

---

[4] Sá, C.M. 2008. University-based research centres: Characteristics, organization and administrative implications. *The Journal of Research Administration*, 39(1):32–40.

Eweneens is hierdie regulasies nie van toepassing op fakulteitsgebaseerde diens- of programbestuursgerigte entiteite wat nie hoofsaaklik vir 'n akademiese doel ingestel word nie.

**OORHOOFSE BEGINSELS**

Die Universiteit Stellenbosch streef daarna om in sy streek, in Afrika én in die res van die wêreld veranker te wees. Dít vereis relevante navorsings- en innovasie-agendas wat gesamentlik deur die verskillende dissiplines en hulle onderskeie belanghebbendes bepaal word. Om hierdie doel te bereik, moet die tipe 1-, tipe 2- en tipe 3-entiteite tesame met die fakulteite die institusionele waardes van billikheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en uitnemendheid aanvaar, soos wat die US se Visie 2040 dit verwoord.

Voorstelle vir die instelling van sulke entiteite moet duidelik aandui hoe dit:

(i) inter- en transdissiplinêre samewerking binne en buite die US sal aanmoedig;

(ii) vermoë sal bou en tot onderrig en leer, navorsing en nagraadse studieleiding en vakkundige uitsette sal bydra;

(iii) volhoubaarheid sal verseker, byvoorbeeld finansies, die verkryging van toekennings, personeel, ensovoorts; en

(iv) algehele vakkundige bydraes sal verhoog.

## 2. IMPLEMENTERING VAN REGULASIES

**2.1** Hierdie regulasies is van toepassing op alle lede van die Universiteit (raadpleeg 3.3 vir die omskrywing van lede).

**2.2** Hierdie regulasies moet gelees word in samehang met alle ander verbandhoudende US-beleide en -prosedures, onder meer dié waarna hierdie regulasies spesifiek verwys.

**2.3** Hierdie regulasies is slegs vir interne gebruik bedoel, en verleen geen regte of voorregte aan enige derde party nie.

**2.4** Hierdie regulasies vervang alle vorige beleid- en bestuursdokumente oor die instelling van sentrums, buro's, institute en skole by die US.

**2.5** Hierdie regulasies maak voorsiening vir die instelling van drie verskillende tipes akademiese entiteite (tipe 1, 2 en 3). Die verskillende tipes entiteite doen onderskeidelik verslag aan departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture, soos afdelings van departemente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), fakulteite en op institusionele vlak.

**2.6** 'n Verandering in entiteitstipe sal volgens 'n nuwe aansoekproses goedgekeur word.

**2.7** Ingevolge hierdie regulasies kan 'n formele entiteit 'n 'sentrum', 'instituut' of 'skool'

genoem word.

**2.8** Entiteite wat vóór die implementeringsdatum van hierdie regulasies (d.w.s. ingevolge die vorige weergawe van hierdie regulasies (2018) of die vorige beleid (oor US-sentrums, -buro's en -institute van 2009)) ingestel is, kan hulle bestaande name en status behou. Nietemin word die belyning van vroeër ingestelde entiteite wat nié aan hierdie regulasies voldoen nie ten sterkste aangemoedig waar dit ook al haalbaar is.

**2.9** Alle formele akademiese entiteite sal by die gehalteversekeringsprosesse van die US ingesluit word om hulle voortgesette lewensvatbaarheid en doeltreffendheid te bepaal.

**2.10** Hierdie regulasies is nie van toepassing op informele akademiese samewerkingsgroepe nie, wat 'eenhede', 'groepe', 'laboratoriums' of enigiets anders genoem kan word.

## 3. WOORDOMSKRYWING

**3.1** **Interdissiplinêr** beteken die samevoeging of betrokkenheid van twee of meer akademiese dissiplines of vakgebiede wat gewoonlik as afsonderlik beskou word.

**3.2** **Transdissiplinêr** beteken die oorsteek van verskeie dissiplinêre grense om 'n holistiese benadering tot navorsingskwessies te skep. Volgens die Belmont Forum (http://www.belmontforum.org) lei 'n transdissiplinêre benadering tot bydraes en ondersoeke oor verskillende wetenskaplike en niewetenskaplike belanghebbendegemeenskappe heen, wat 'n sistemiese metode bied om 'n uitdaging te hanteer.

**3.3** **Lid van die Universiteit** verwys na enige persoon wat permanent of op kontrak by die US aangestel is, geregistreerde studente, en enige ander betrokkenes by akademiese aktiwiteite wat onder die gesag van die Universiteit val, personeel met dubbele aanstellings (byvoorbeeld dié wat by die US én die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid in diens is), en enige persoon wat voorheen onder enige van die kategorieë hier bo geval het en wie se werk steeds met die US se naam verbind word.

**3.4** **Sentrum/instituut**: Tegnies beskou, is daar geen verskil tussen die terme '**sentrum**' en '**instituut**' nie. Albei behels gewoonlik 'n fakulteit, studente en personeel van verskillende vakgebiede, wie se werk gesamentlik toegevoegde waarde skep benewens hulle eie, individuele akademiese aktiwiteite en wat baat vind by amptelike Universiteitserkenning van sodanige samewerking. In die praktyk en vir die bepaalde doel van die US se regulasies in dié verband, verwys die term 'instituut' na 'n entiteit met 'n groter omvang as 'n 'sentrum'. 'n Instituut kan dus sentrums skep as afsonderlike eenhede in sy administratiewe struktuur. Daarteenoor kan 'n sentrum nie institute as deel van sy

administratiewe struktuur skep nie.

**3.5** Die term **'skool'** verwys na 'n akademiese entiteit met 'n sterk klem op inter- en transdissiplinêre navorsing sowel as voor- en nagraadse onderrig en leer, en behels gewoonlik verskeie samewerkings tussen departemente, en moontlik ook tussen fakulteite. 'n Skool kan sentrums of institute as afsonderlike eenhede in sy administratiewe struktuur skep.

**3.6** Entiteite wat as **'eenhede'** en **'buro's'** bekend is, word nie ingevolge hierdie regulasies as selfstandige entiteite beskou nie. Sulke entiteite kan in 'n departement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur) geleë wees, maar kan ook 'n subafdeling van 'n sentrum, instituut of skool wees. 'n Eenheid of buro kan sy eie kostepunt hê, maar nie sy eie organisatoriese eenheidskode nie.

**3.7** '**Vennootfakulteit**' beteken enige US-fakulteit met bestaande belange en kundigheid op 'n dissiplinêre/interdissiplinêre gebied wat met die entiteit verband hou.

**3.8** '**Gasheerfakulteit**' verwys na die fakulteit (of gelykstaande entiteit) waar 'n tipe 1- of tipe 2-entiteit ingestel word. Die regulasies maak daarvoor voorsiening dat meer as een fakulteit (of gelykstaande entiteit) as medegashere van entiteite kan optree.

**3.9** '**Ankerfakulteit**' word gebruik in verband met 'n nagraadse program wat deur 'n tipe 3-entiteit aangebied word, en verwys na die fakulteit wat die administratiewe en gehalteversekeringsvereistes van die program ondersteun kragtens 'n (skriftelike) ooreenkoms tussen die tipe 3-entiteit en die fakulteit.

## 4. DOEL VAN HIERDIE REGULASIES

Om die US se unieke institusionele karakter en mededingende voorsprong verder te bevorder en die impak van die Universiteit se wetenskaplike aktiwiteite uit te bou, is dit nodig om akademiese entiteite soos sentrums, institute en skole tot stand te bring. Die doel van hierdie regulasies is om die raamwerk te voorsien waarbinne hierdie entiteite in aansluiting by én afsonderlik van akademiese departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) en fakulteite ingestel word en funksioneer.

## 5. OOGMERKE EN DOELWITTE VAN HIERDIE REGULASIES

Die oogmerk van hierdie regulasies is om 'n raamwerk te voorsien vir die instelling en reëling van akademiese sentrums, institute en skole.

Hierdie entiteite streef na sommige van of ál die volgende doelwitte:

a) Om die status en akademiese profiel van die US sowel nasionaal as internasionaal te versterk

b) Om inter- en transdissiplinêre navorsing en studente-onderwys en -opleiding tussen departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) en fakulteite te bevorder en die vorming van sterk interdissiplinêre spanne aan te moedig

c) Om uitnemendheid in ons akademiese aktiwiteite te bevorder

d) Om akademiese uitsette en impak (waaronder sosiale impak) te ondersteun op gebiede wat die Universiteit as strategiese fokusgebiede identifiseer

e) Om toegang te bevorder tot eksterne inkomstestrome om die Universiteit se akademiese werk te versterk

f) Om konsultasiedienste aan kliënte van die US te voorsien en entrepreneurskap onder die Universiteit se personeel en studente te bevorder

g) Om die ontwikkeling van samewerkende spanne binne en tussen dissiplines op alle vlakke en, waar van toepassing, met ander instellings in die hand te werk

h) Om die doeltreffende bevordering van die Universiteit se akademiese sterkpunte te bewerkstellig

## 6. ONDERLIGGENDE BEGINSELS VAN DIE VERSKILLENDE ENTITEITSTIPES

**6.1** 'n **Tipe 1-** akademiese entiteit doen verslag aan en is gewoonlik geleë in **een akademiese departement** (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur). Dit kan egter ook aan twee of meer departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) in twee of meer fakulteite verslag doen in gevalle waar daar 'n ewe sterk akademiese voetspoor en sterk inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking bestaan, maar waar die instelling van 'n tipe 2-entiteit nie geregverdig of wenslik is nie. Waar departemente van verskillende fakulteite as medegashere vir die tipe 1-entiteit wil optree, moet die betrokke departementele voorsitters (of gelykstaande ampsbekleërs) sowel as die fakulteitsdekane/skooldirekteure van die verskillende fakulteite/skole oor medegasheerskap en -direkteurskap ooreenkom. In sulke gevalle doen die mededirekteure verslag aan 'n beheerkomitee wat bestaan uit toepaslik gedelegeerde verteenwoordigers van die deelnemende akademiese departemente, wat deur die betrokke departementele voorsitters (of gelykstaande ampsbekleërs) aangestel word. Tipe 1- akademiese entiteite, ongeag of een of verskillende akademiese departemente (of gelykstaande strukture) as gasheer/-here en direkteur(e) daarvan optree, kan samewerking tussen navorsers van etlike verskillende departemente of fakulteite behels. Die voorkeurbenaming vir 'n tipe 1-entiteit is 'sentrum' indien dit aan een departement of gelykstaande fakulteitsgebaseerde

struktuur verslag doen, terwyl 'sentrum' of 'instituut' gebruik kan word indien die tipe 1-entiteit meer as een akademiese departement as medegashere het.

**6.2** 'n **Tipe 2-** akademiese entiteit doen gewoonlik aan 'n enkele fakulteit verslag en funksioneer op die vlak van 'n akademiese departement. 'n Tipe 2-entiteit kan ingestel word indien sy aktiwiteite van 'n wesenlike inter- of transdissiplinêre aard is, en vereis gewoonlik die betrokkenheid van meer as een akademiese departement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur). 'n Tipe 2-entiteit kan egter ook aan twee of meer fakulteite (of gelykstaande strukture, soos tipe 3-skole) verslag doen in gevalle waar daar 'n ewe sterk akademiese voetspoor en sterk inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking bestaan, maar waar die instelling van 'n tipe 3-entiteit nie geregverdig of wenslik is nie. Die betrokke fakulteitsdekane (of gelykstaande ampsbekleërs, byvoorbeeld tipe 3-skooldirekteure) moet oor medegasheerskap en -direkteurskap van so 'n tipe 2-entiteit ooreenkom. In sulke gevalle doen die mededirekteure verslag aan 'n beheerkomitee wat bestaan uit toepaslik gedelegeerde verteenwoordigers van die deelnemende fakulteite of tipe 3-skole, wat deur die betrokke dekane/direkteure aangestel word. Tipe 2-entiteite, ongeag of een of verskillende fakulteite (of gelykstaande strukture) as gasheer/-here daarvan optree, kan ook samewerking met navorsers van etlike verskillende fakulteite/skole behels. 'n Tipe 2-entiteit kan die benaming 'sentrum', 'instituut' of 'skool' gebruik en word primêr met 'n enkele gasheer of twee of meer medegasheerfakulteite verbind.

**6.3** 'n **Tipe 3-** akademiese entiteit doen op institusionele vlak naas die akademiese fakulteite verslag en is 'n navorsingsintensiewe interdissiplinêre of transdissiplinêre institusionele akademiese entiteit met 'n sterk akademiese voetspoor in verskillende fakulteite. Tipe 3-entiteite word tot stand gebring op navorsingsterreine waar die US oor voldoende bestaande navorsingsvermoë beskik en wat as belangrike institusionele, nasionale en internasionale prioriteite beskou word met sterk potensiaal om eksterne finansiering te werf. 'n Tipe 3-entiteit kan die benaming 'instituut' of 'skool' gebruik.

## 7. KENMERKE VAN DIE DRIE VERSKILLENDE TIPES ENTITEITE

**7.1** Die US onderskei tussen drie tipes akademiese entiteite, naamlik tipe 1, 2 en 3 (benewens fakulteite of departemente en gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture). Die kenmerke van die drie tipes word hier onder uiteengesit:

| **Akademiese entiteit** | **Tipe 1** | **Tipe 2** | **Tipe 3** |
|---|---|---|---|
| **Bedryfsraamwerk** | Doen verslag aan en is gewoonlik geleë in een US-departement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur). 'n Tipe 1-entiteit kan aan twee of meer departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) in twee of meer fakulteite verslag doen in gevalle waar daar 'n ewe sterk akademiese voetspoor en sterk inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking bestaan. In hierdie gevalle word 'n gesamentlike beheerkomitee vir verslagdoening vereis (wat minstens uit die betrokke departementshoofde of gelykstaande ampsbekleërs of hulle behoorlik gedelegeerde en gemagtigde verteenwoordigers bestaan). | Doen verslag aan en is gewoonlik geleë in een fakulteit, nes 'n akademiese departement (of 'n gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur) en behels gewoonlik 'n inter- of transdissiplinêre navorsingsbenadering. 'n Tipe 2-entiteit kan ook aan twee of meer fakulteite verslag doen in gevalle waar daar 'n ewe sterk akademiese voetspoor en sterk inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking bestaan. In hierdie gevalle word 'n gesamentlike beheerkomitee vir verslagdoening vereis (wat minstens uit die betrokke dekane of gelykstaande ampsbekleërs of hulle behoorlik gedelegeerde en gemagtigde verteenwoordigers bestaan). | Doen verslag op institusionele vlak en staan naas die fakulteite, maar verleen nie sy eie grade nie. Voeg bykomende waarde toe en ding nie met fakulteite mee nie. Behels 'n baie sterk inter- en transdissiplinêre benadering. Verslagdoeningslyne behels 'n bestuurskomitee en 'n oorsigbestuursraad wat die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie (NINS) sowel as die dekane van die betrokke fakulteite insluit. |
| **Doel** | Versterk die vakkundige uitsette van een of meer departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) deur samewerking. | Versterk die vakkundige uitsette van een of meer fakulteite deur middel van inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking, wat ook "navorsing vir impak" as 'n strategiese institusionele tema bevorder. | Versterk die vakkundige uitsette van die instelling deur inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking en nagraadse opleiding oor fakulteitsgrense heen, wat eksterne vennootskappe sowel as toekennings, kontrakte en skenkersfinansiering na die US lok. Bevorder "navorsing vir impak". |
| **Lynbestuur** | Departementele voorsitter (of gelykstaande ampsbekleër) (in geval van enkele departement as gasheer), of 'n klein | Fakulteitsdekaan (of gelykstaande ampsbekleër) (in geval van enkele fakulteit as gasheer), of 'n klein beheerkomitee met tersaaklike | Viserektor: NINS (via 'n tussenfakulteits-beheerkomitee waarby alle deelnemende fakulteitsdekane of hulle verkose verteenwoordigers |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | beheerkomitee met tersaaklike departementele voorsitters (of gelykstaande ampsbekleërs) (in geval van meer as een departementele gasheer) | fakulteitsdekane (of gelykstaande ampsbekleërs) (in geval van meer as een fakulteitsgasheer) | betrokke is) |
| **Bied in sy eie naam voorgraadse programme aan** | Nee | Nee | Nee (maar kan modules bydra tot voorgraadse grade wat deur enige van die vennootfakulteite verleen word, volgens ooreenkoms met die tersaaklike fakulteite) |
| **Bied in sy eie naam nagraadse graadprogramme aan** | Nee | Ja (grade wat deur gasheerfakulteit verleen word in geval van enkele gasheer, of deur een of meer van die vennootfakulteite (waar die program(me) en student(e) geregistreer is) in geval van medegashere)<br><br>(raadpleeg ook paragraaf 7.3(c) hier onder) | Ja, dog altyd in samewerking met een of meer van die vennootfakulteite. Nagraadse programontwikkeling en -gehalteversekering word onderneem met die hulp van (en gepaste koste- en inkomstedeling met) een of meer vennootfakulteite, wat ook die graad/grade formeel verleen, en 'n ankerfakulteit wat die gewone nagraadse administratiewe en gehalteversekeringsprosesse fasiliteer. Kan ook bydra tot nagraadse grade wat via enige van die vennootfakulteite verleen word, met gepaste koste- en inkomstedeling (raadpleeg ook paragraaf 7.4(e) hier onder). |
| **Navorsingsprojekte /-programme** | Ja | Ja | Ja |
| **Konsultasie/ kontraknavorsing** | Ja | Ja | Ja |
| **Sosiale-impak-aktiwiteite** | Ja | Ja | Ja |
| **Kortkursusse** | Ja | Ja | Ja |
| **Benaming** | Sentrum (enkele gasheerdepartement)/ sentrum of instituut (meer as een gasheerdepartement) | Sentrum/instituut/skool | Instituut/skool |
| **Goedkeuringsroete** | Fakulteitsraad, Akademiese Beplanningskomitee | Fakulteitsraad, ABK en Senaat | Fakulteitsrade van vennootfakulteite, ABK, Rektoraat, Navorsings- en |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | (ABK) en Senaat | | Innovasiekomitee, Senaat en Raad |
| **Gehalteversekerings-proses** | Gehalteversekerings-beoordeling as deel van gasheerdepartement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur) aan die hand van die US se gewone gehalteversekerings-proses; word elke ses jaar hersien | Eie gehalteversekerings-beoordeling, met tussenposes van ses jaar, as deel van die US se gewone gehalteversekerings-proses (tensy 'n soortgelyke eksterne beoordeling deur die betrokke finansieringsliggaam toegepas word). Beoordelingskriteria word in oorleg met die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering bepaal. | Eie gehalteversekerings-beoordeling, met tussenposes van ses jaar, as deel van die US se gewone gehalteversekeringsproses (tensy 'n soortgelyke eksterne beoordeling deur die betrokke finansieringsliggaam toegepas word). Beoordelingskriteria word in oorleg met die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering bepaal. |

### 7.2 Tipe 1-entiteit

'n Tipe 1-entiteit doen gewoonlik verslag aan en is geleë in een akademiese departement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur). 'n Tipe 1-entiteit kan ook verslag doen aan en geleë wees oor twee of meer akademiese departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) in dieselfde of tussen verskillende fakulteite in gevalle waar daar 'n ewe sterk akademiese voetspoor en sterk inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking bestaan. Die gemeenskaplike kenmerk is dat 'n tipe 1-entiteit onder die beskerming van een of meer akademiese departemente en in die verslagdoeningslyn van een of meer departementele voorsitters (of gelykstaande ampsbekleërs) bedryf word.

a) 'n Tipe 1-entiteit bied nie voor- of nagraadse akademiese programme in sy eie naam aan nie. Die entiteit kan akademiese programme in die gasheerdepartement(e) help ondersteun, maar toesig oor sodanige programme bly die verantwoordelikheid van die departement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur) waarmee die betrokke entiteit verbind word.
b) Personeel wat in die tipe 1-entiteit werk, word aangestel in die gasheerdepartement(e) (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) waarmee die entiteit verbind word.
c) Die aktiwiteite van 'n tipe 1-entiteit kan navorsing, konsultasie, sosiale-impak-inisiatiewe en kortkursusse insluit.
d) 'n Tipe 1-entiteit kan sy eie organisatoriese eenheidskode hê indien die entiteit aan een akademiese departement (of gelykstaande struktuur) verslag doen. In geval van

verskeie vennootdepartemente sal 'n gepaste kostepuntdelingsmodel in oorleg met die Afdeling Finansies geskep word (indien dit nodig is). Die departement(e) (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur/strukture) en die tipe 1-entiteit deel die tyd van voltyds-ekwivalente personeellede, publikasies, kreatiewe uitsette en sosiale-impak-aktiwiteite. Die inligting word gedifferensieerd bygehou en gerapporteer (op die institusionele paneelbord) om die gehalteversekering van die tipe 1-entiteit moontlik te maak. Wanneer departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) beoordeel word, word die tipe 1-entiteit as deel van die departement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur) beoordeel en by die berekening van die kernstatistieke ingesluit. Die tipe 1-entiteit en departementele (of gelykstaande) inligting moet egter in 'n gedifferensieerde stelsel bygehou en gerapporteer word om die gehalteversekering van die tipe 1-entiteit se eie prestasie moontlik te maak.

e) 'n Tipe 1-entiteit word op grond van 'n goedgekeurde grondwet vir 'n aanvanklike tydperk van vyf jaar ingestel. 'n Formele prestasiebeoordeling moet as deel van die gewone gehalteversekeringsproses van die betrokke akademiese gasheerdepartement(e) onderneem word, wat sal bepaal of die entiteit vir verdere siklusse hernu word.

f) 'n Tipe 1-entiteit mag slegs die benaming 'sentrum' gebruik indien dit 'n enkele akademiese departement as gasheer het, en 'sentrum' of 'instituut' kan gebruik word in gevalle waar meer as een vennootdepartement (of gelykstaande struktuur) as medegashere optree.

g) Die institusionele aansoek-, goedkeurings- en beoordelings-/hernuwingsproses word in BYLAE A uiteengesit.

### 7.3 Tipe 2-entiteit

'n Tipe 2-entiteit doen verslag aan en is gewoonlik geleë in een fakulteit. 'n Tipe 2-entiteit kan ook verslag doen aan en geleë wees oor twee of meer fakulteite (of gelykstaande strukture) in gevalle waar daar 'n ewe sterk akademiese voetspoor en sterk inter- en transdissiplinêre navorsingsamewerking bestaan. Die gemeenskaplike kenmerk is dat 'n tipe 2-entiteit onder die beskerming van een of meer fakulteite, op gelyke vlak met akademiese departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) en in die verslagdoeningslyn (of gesamentlike verslagdoeningslyn) van een of meer fakulteitsdekane (of gelykstaande ampsbekleërs) bedryf word.

a) 'n Entiteit kan as tipe 2 tot stand gebring word indien sy aktiwiteite van 'n genoegsaam

inter- of transdissiplinêre aard is en 'n gewone departementele (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde) struktuur nie daarvoor voorsiening maak nie. 'n Tipe 2-entiteit behels gewoonlik samewerking tussen die personeel van meer as een akademiese departement (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur). Hierdie entiteite kan soms beskou word as die inkubasiefase van vakterreine met die potensiaal om te groei en tot tipe 3-entiteite te ontwikkel. Dit is belangrik om in die instellingsfase te oorweeg in watter mate hierdie entiteite met plaaslike, streeks- en wêreldwye tendense en prioriteite strook.

b) Aktiwiteite kan navorsing, konsultasie, sosiale-impak-inisiatiewe, kortkursusse en nagraadse onderwys en opleiding insluit.

c) 'n Tipe 2-entiteit kan in sy eie naam nagraadse programme of modules aanbied wat tot amptelike US-kwalifikasies lei, op die volgende voorwaardes:
  - Daar moet genoeg bewyse bestaan dat die entiteit lewensvatbaar en volhoubaar is voordat die Senaat (op aanbeveling van sy ABK) kan toestemming verleen dat 'n entiteit programme aanbied wat tot amptelike US-kwalifikasies lei.
  - Die nagraadse grade word deur die gasheerfakulteit verleen ingeval 'n tipe 2-entiteit in 'n enkele fakulteit geleë is.
  - Indien meer as een fakulteit as medegashere en -direkteure van die tipe 2-entiteit optree, kan die nagraadse program(me) hetsy in elk van die vennootfakulteite geregistreer wees of met slegs een van die vennootfakulteite verbind word (na gelang van wat gepas is en volgens ooreenkoms tussen die vennootfakulteite). Die nagraadse graad word verleen deur die fakulteit waar die student formeel geregistreer is.

d) 'n Tipe 2-entiteit wat aan 'n enkele fakulteit verslag doen, moet sy eie organisatoriese eenheidskode hê. In geval van verskeie vennootfakulteite sal 'n gepaste kostepuntdelingsmodel in oorleg met die Afdeling Finansies geskep word (indien dit nodig is).

e) 'n Tipe 2-entiteit funksioneer soos 'n akademiese departement, veral ten opsigte van personeel, finansies, verslagdoening binne 'n fakulteit, die manier waarop inligting oor die entiteit bygehou en gerapporteer word, en eksterne beoordeling, tensy die tersaaklike eksterne finansieringsliggaam, waar dit van toepassing is, 'n gelykstaande eksterne beoordeling vereis.

f) 'n Tipe 2-entiteit word op grond van 'n goedgekeurde grondwet en gepaardgaande bedryfsplan vir 'n aanvanklike tydperk van vyf jaar ingestel. Die entiteit behoort binne

ses jaar formeel deur middel van die US se gehalteversekeringsproses beoordeel te word aan die hand van die oogmerke in die bedryfsplan voordat die entiteit dalk vir verdere siklusse hernu word. Ingeval 'n eksterne finansieringsliggaam 'n gelykstaande eksterne beoordeling vereis, kan die uitslag van sodanige beoordeling gebruik word, mits dit aan die vereistes van die US se gehalteversekeringsproses voldoen.

g) 'n Tipe 2-entiteit kan die benaming 'sentrum, 'instituut' of 'skool' gebruik.

h) Die institusionele aansoek- en goedkeuringsproses word in BYLAE A uiteengesit.

### 7.4 Tipe 3-entiteit

'n Tipe 3-entiteit doen op institusionele vlak verslag deur middel van 'n beheerkomitee wat die Viserektor: NINS en die dekane van die deelnemende fakulteite (of hulle verkose verteenwoordigers) insluit. 'n Tipe 3-entiteit behels samewerking tussen twee of meer fakulteite.

a) 'n Entiteit kan as tipe 3 tot stand gebring word indien sy aktiwiteite inter- of transdissiplinêre navorsing sowel as nagraadse studente-opleiding behels. Die akademiese aktiwiteite van 'n tipe 3-entiteit het 'n sterk voetspoor in meer as een fakulteit, en geen enkele fakulteitstruktuur maak gewoonlik daarvoor voorsiening nie.

b) Die instelling van 'n tipe 3-entiteit vereis eenstemmigheid onder die dekane van alle fakulteite met 'n belang by die verbandhoudende dissiplinêre of interdissiplinêre gebiede, sowel as onderskrywing deur die Rektoraat, voordat die volle akademiese besluitnemingsproses 'n aanvang neem. Die besluitnemingsproses behels aanbevelings by die Senaat deur die fakulteitsrade, die ABK, die Navorsings- en Innovasiekomitee en die Uitvoerende Komitee van die Senaat, waarna die Senaat op sy beurt 'n gekonsolideerde weergawe vir finale goedkeuring by die Raad aanbeveel.

c) Aktiwiteite kan navorsing, bydraes tot voor- en nagraadse studente-onderwys en -opleiding, konsultasie, sosiale-impak-inisiatiewe en kortkursusse insluit. Tipe 3-entiteite konsentreer egter gewoonlik sterk op navorsing en nagraadse studente-onderwys en -opleiding en beoog om unieke nisterreine van navorsingsuitnemendheid by die US te ontwikkel.

d) Die entiteit kan voorgraadse modules ontwikkel en aanbied wat bydra tot die grade wat een of meer van die US se fakulteite verleen, mits die betrokke fakulteitsdekane daaroor ooreenkom en die fakulteitsrade van die vennootfakulteite dit goedkeur. Die gehalteversekeringsprosesse van hierdie voorgraadse modules bly die verantwoordelikheid van die tersaaklike vennootfakulteite.

e) 'n Tipe 3-entiteit kan nagraadse programme in samewerking met een of meer van die vennootfakulteite ontwikkel en aanbied. Die entiteit kan ook tot nagraadse modules en studieleiding in die vennootfakulteite bydra. Vir 'n tipe 3-entiteit om 'n nagraadse program aan te bied, moet een ankerfakulteit in oorleg met die betrokke fakulteitsdekaan geïdentifiseer word (welke ankerfakulteit kan kies om 'n bepaalde akademiese departement te betrek). By die aanvang van die proses om so 'n program tot stand te bring, moet die dekane van alle vennootfakulteite geraadpleeg word en toestem tot die aanbieding van 'n nuwe nagraadse program deur die tipe 3-entiteit. Indien alle fakulteite nie saamstem oor die instelling van die voorgestelde nuwe nagraadse program nie, kan die direkteur van die tipe 3-entiteit 'n appèl by die ABK van die Senaat indien. Die aanbieding en toekenning van nagraadse kwalifikasies én die gehalteversekering daarvan bly die verantwoordelikheid van die gekose anker- en vennootfakulteite. Die tipe 3-entiteit moet 'n skriftelike memorandum van ooreenkoms met die ankerfakulteit aangaan om te sorg dat gepaste planne vir goedkeuring, gehalteversekering en graadverlening deur middel van gewone fakulteitstrukture, sowel as planne vir koste- en inkomstedeling, gesamentlik opgestel en aanvaar word. Hierdie aspek is belangrik om seker te maak dat die tipe 3-entiteit bestaande fakulteitstrukture benut om nagraadse studente-inskrywings en -registrasies, eksamenprosesse en graduering administratief te ondersteun, en dat die koste sowel as inkomste van die nagraadse program billik verdeel word.

f) Die entiteit moet sy eie organisatoriese eenheidskode hê.

g) Die entiteit funksioneer in sekere opsigte soos 'n fakulteit, maar skep nie soortgelyke administratiewe strukture nie, en bied nie sy eie nagraadse programme aan ingeval daar nie fakulteitseenstemmigheid en -samewerking is oor administratiewe en gehalteversekeringsprosesse nie. Eenstemmigheid tussen alle tersaaklike dekane en hulle fakulteitsrade word vereis ten opsigte van 'n tipe 3-entiteit se personeel, finansies, bestuursverslagdoeningslyne, oorsigbestuurstrukture, die manier waarop inligting oor die entiteit bygehou en gerapporteer word, sowel as die eksterne beoordeling van die entiteit.

h) Die Universiteit se begrotingsmodel moet voorsiening maak vir 'n tipe 3-entiteit, wat ook 'n toekenning uit die hoofbegroting moet ontvang. Die toekenning is in die vorm van 'n basislynbedrag wat die entiteit in staat stel om te funksioneer en bykomende hulpbronne te benut op grond van sy goedgekeurde bedryfsplan, wat die volhoubaarheid van die entiteit in ag neem. Die begrotingstoekenning sal gekoppel wees aan die entiteit se bydrae tot hoofbegrotingsinkomste (subsidie, studentegeld en indirekte kosteverhaling) en sal bepaal moet word as deel van die Universiteit se

begrotingsproses, wat ooreenkomste met die betrokke fakulteite insluit. Boonop toon 'n tipe 3-entiteit gewoonlik sterk potensiaal om aansienlike eksterne toekennings te bekom om sy volhoubaarheid te versterk.

i) 'n Tipe 3-entiteit word op grond van 'n goedgekeurde bedryfsplan vir 'n aanvanklike tydperk van vyf jaar tot stand gebring. Na hierdie siklus van vyf jaar behoort die entiteit formeel beoordeel te word deur middel van die US se bestaande gehalteversekeringsproses aan die hand van die oogmerke in sy bedryfsplan voordat die entiteit dalk vir verdere siklusse hernu word. Ingeval 'n eksterne finansieringsliggaam 'n gelykstaande eksterne beoordeling vereis, kan die uitslag van sodanige beoordeling gebruik word.

j) 'n Tipe 3-entiteit kan die benaming 'instituut' of 'skool' gebruik.

k) Die institusionele aansoek- en goedkeuringsproses word in BYLAE A uiteengesit.

## 8. MOTIVERING VIR DIE INSTELLING VAN 'N SENTRUM, INSTITUUT OF SKOOL, OF DIE OORGANG VAN EEN TIPE ENTITEIT NA 'N ANDER

**8.1** Die motivering vir die skep van 'n tipe 1-, tipe 2- of tipe 3-entiteit moet 'n duidelike beskrywing insluit van:

a) hoe die entiteit se aktiwiteite verband hou met 'n fokusspesialisasie- of -vakgebied of -gebiede;

b) hoe die entiteit die oorhoofse strategie en doelwitte van die US nastreef;

c) waarom die entiteit sy eie, afsonderlike identiteit en bedryfseenheid moet hê;

d) die interdissiplinêre aard van die entiteit se aktiwiteite (indien dit 'n tipe 2- of tipe 3-entiteit is) en sy belyning met plaaslike, streeks- en wêreldwye prioriteite; en

e) faktore en begrotingsoorwegings wat die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van die voorgestelde SIS-entiteit sal verseker.

**8.2** Alle nuwe voorstelle moet 'n grondwet insluit, wat onder meer vir die volgende moet voorsiening maak ooreenkomstig die riglyne vir die opstel van grondwet vir SIS-entiteite (wat by die Registrateur te kry is en ook as Bylae B aangeheg is):

a) 'n Verklaring van die entiteit se oogmerke sowel as sy visie, missie en kernaktiwiteite

b) Die personeelstruktuur van die entiteit

c) Hoe die entiteit bestaande akademiese kundigheid buite sy eie omgewing sal gebruik

d) Waarom die beplande aktiwiteite nie binne bestaande akademiese strukture ('n akademiese departement of gelykstaande struktuur, of fakulteit) onderneem kan word

nie

e) Die oorsigbestuurstrukture van die entiteit, waaronder die oorsigbestuursraad, bestuurskomitee en direkteur of mededirekteure

f) Die funksionering van oorsigbestuurstrukture van die entiteit

g) Die finansiële lewensvatbaarheid en bestuur van die entiteit

h) Die gehalteversekering van die entiteit

i) Die bestuur van navorsing, publikasies en intellektuele goedere

j) 'n Aanduiding van gesagsgebied

k) Vereistes vir die wysiging van die grondwet

l) Konflikhanteringsprosedures

**8.3** Indien 'n bestaande sentrum, instituut of skool sy klassifikasie van een tipe entiteit na 'n ander wil verander, moet sy oorsigbestuurstruktuur 'n hersiene grondwet vir onderskeidelik oorweging en goedkeuring by die ABK en die Senaat indien, tesame met:

a) 'n verklaring/motivering vir die voorgestelde verandering, wat verduidelik hoe die aard van die entiteit sedert instelling verander het; en

b) stawende dokumente van alle tersaaklike rolspelers (byvoorbeeld die goedkeuring van fakulteitsrade in geval van tipe 1- en tipe 2-entiteite, en Rektoraatsgoedkeuring in geval van tipe 3-entiteite).

**8.4** 'n Bestaande entiteit kan deur middel van sy oorsigbestuurstruktuur 'n motivering vir ontbinding van die entiteit vir onderskeidelik oorweging en goedkeuring by die ABK en die Senaat indien, tesame met:

a) 'n ondertekende verklaring deur die Afdeling Finansies oor hoe die finansiële saldo's van die entiteit hanteer sal word; en

b) 'n verduideliking van hoe sommige van of ál die werksaamhede van die entiteit na ander US-entiteite oorgedra sal word, indien van toepassing.

## 9. HANDELSMERKE

**9.1** SIS-entiteite moet sorg dat hulle handelsmerke aan die vereistes van die US se beleid oor die gebruik en lisensiëring van die handelsmerke van die Universiteit voldoen.

**9.2** Geen SIS-entiteit of -aktiwiteitsgebied het sy eie logo nie.

**9.3** Alle SIS-entiteite se visuele identiteite moet met die US-handelsmerk strook

ooreenkomstig die reëls en regulasies in die US se handelsmerkhandleiding.

## 10. FINANSIES

Die volgende reëls is van toepassing op die verskillende tipes SIS-entiteite:

**10.1** 'n Tipe 1-entiteit moet voldoen aan die gewone bepalings van toepassing op die akademiese departement(e) (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde struktuur/strukture) waarmee dit verbind word.

**10.2** 'n Tipe 2-entiteit moet voldoen aan die gewone bepalings van toepassing op die akademiese departemente en die fakulteit(e) waarmee dit verbind word.

**10.3** 'n Tipe 3-entiteit moet voldoen aan die gewone bepalings van toepassing op akademiese fakulteite.

**10.4** Die US se finansiële beleid is van toepassing op alle finansiële transaksies deur ál drie tipes entiteite, ongeag hulle bron van finansiering.

## 11. MENSLIKE HULPBRONNE

**11.1** Die Universiteit se geldende reëls oor menslikehulpbronbestuur (wat betref werwing, aanstellings, prestasiebestuur, diensbillikheid en regstellende maatreëls) is eweneens van toepassing op alle SIS-entiteite.

**11.2** SIS-direkteure of -mededirekteure (hetsy voltyds of deeltyds) moet hetsy voluit by die US in diens wees of oor 'n dubbele aanstelling by die US en 'n vennootinstelling beskik. Toestemming vir eksterne werk is onderworpe aan die Universiteit se reëls en regulasies.

## 12. KONTRAKTE

**12.1** Ingeval 'n kontrak aangegaan word in omstandighede waar die belange van lede van die SIS-entiteit en dié van die ander kontrakparty dalk bots, moet die moontlike botsing aan die oorsigbestuurskomitee verklaar en streng ooreenkomstig die US se beleid oor belangebotsings bestuur word.

**12.2** Wanneer 'n SIS-entiteit kontrakte beding, sal die entiteit die US as die tersaaklike regsentiteit gebruik, en dus moet daar aan alle geldende US-prosedures ten opsigte van kontrakte, in besonder die bepalings van die US se finansiële beleid, voldoen word.

**12.3** Die US se beleide oor navorsingskontrakbestuur, die verhaling van indirekte koste op derdestroominkomste sowel as die volkosteberekening van navorsingsprojekte is van

toepassing op alle navorsings- en navorsingsverwante kontrakte wat deur SIS-entiteite beding word. Navorsings- en navorsingsverwante kontrakte moet eers deur die Universiteit se Afdeling Navorsingsontwikkeling goedgekeur word voordat dit vir goedkeuring aan die tersaaklike lynbestuurder of komitee voorgelê word.

**12.4** Alle ander kontrakte moet eers deur die US se Afdeling Regsdienste goedgekeur word voordat dit vir goedkeuring aan die tersaaklike lynbestuurder of komitee voorgelê word.

## 13. SIS-REGISTER

**13.1** Die Registrateur moet 'n register van alle akademiese SIS-entiteite en hulle grondwette byhou.

**13.2** Die register en grondwette moet op die algemene US-inligtingsportaal te kry wees.

**13.3** Departemente (of gelykstaande fakulteitsgebaseerde strukture) is daarvoor verantwoordelik om die inligting oor die tipe 1- akademiese entiteite wat onder hulle val in Deel 1 van die US Jaarboek by te werk.

**13.4** Tipe 2- en tipe 3- akademiese entiteite is daarvoor verantwoordelik om hulle eie inligting in Deel 1 van die US Jaarboek by te werk.

## 14. OORSIGBESTUUR

Hierdie regulasies word deur die Senaat goedgekeur. Die Viserektor: Leer en Onderrig en die Viserektor: NINS is mede-eienaars van die regulasies. Die kurator van die regulasies is die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie, en werk in oorleg met die Registrateursafdeling, wat as die sekretariaat van die ABK dien en 'n amptelike rekord van alle SIS-entiteite byhou.

## 15. STAWENDE DOKUMENTE


| **Itemnr** | **Titel van dokument** | **Status (geïdentifiseer, in proses, goedgekeur, ensovoorts)** |
|---|---|---|
| 15.1 | US se Visie 2040 en Institusionele Strategiese Raamwerk (2019 – 2024) | Goedgekeur deur US Raad |
| 15.2 | Kode 2040 – die US se Geïntegreerde Etiekkode | Goedgekeur deur die US Raad |

## 16. VERBANDHOUDENDE DOKUMENTE


| Itemnr | Titel van dokument | Status (geïdentifiseer, in proses, goedgekeur, ensovoorts) |
|---|---|---|
| 16.1 | Beleid oor gehalteversekering en -bevordering aan die Universiteit Stellenbosch (2019) | Goedgekeur deur die US Raad |
| 16.2 | US se kontraknavorsingsbeleid | Goedgekeur deur die US Raad |
| 16.3 | Beleid oor belangebotsings | Goedgekeur deur die US Raad |
| 16.4 | Beleid oor kostebepaling en prysvasstelling van navorsings- en navorsingsverwante kontrakte | Goedgekeur deur die US Raad |
| 16.5 | Beleid oor die indirekte kosteverhalingskoers (IKVK) ten opsigte van derde- en vyfdegeldstroominkomste aan die Universiteit Stellenbosch | Goedgekeur deur die US Raad |
| 16.6 | Finansiële en menslikehulpbronbeleide van die US | Goedgekeur deur die US Raad |
| 16.7 | US se beleid oor die gebruik en lisensiëring van die handelsmerke van die Universiteit | Goedgekeur deur die US Raad |

**BYLAE A (slegs in Engels beskikbaar)**

## CIS TYPES 1 and 2: CONSTITUTIONS: APPROVAL ROUTE



**CIS TYPE 3: CONSTITUTIONS: APPROVAL ROUTE**



**BYLAE B**

**RIGLYNE VIR DIE OPSTEL VAN GRONDWETTE VIR SENTRUMS, INSTITUTE EN SKOLE (SIS): TIPES 1, 2 en 3**

## 1. Algemeen

1.1 Naam van die entiteit
1.2 Status van die entiteit, byvoorbeeld tipe 1, 2 of 3, en die omgewing waarin die entiteit sal funksioneer
1.3 Verduideliking van die behoefte aan eie identiteit
1.4 Visie en missie van entiteit
1.5 Aanduiding van lewensvatbaarheid en volhoubaarheid van entiteit
1.6 Kernaktiwiteite en oogmerke van die entiteit en hoe dít die kernaktiwiteite van die US (soos dit in die name van die verantwoordelikheidsentrums van die viserektore weerspieël word) ondersteun/daarby aansluit
1.7 Verslagdoeningslyn van die entiteit (byvoorbeeld afdeling, departement, fakulteitsraad, Viserektor: NINS)

## 2. Bestuur

### 2.1 Oorsigbestuursraad

2.1.1 **Oogmerk**: oorhoofse strategiese bestuur
2.1.2 **Samestelling**
2.1.2.1 Voorsitter en ondervoorsitter, en deur wie hulle aangestel word
2.1.2.2 Getal lede van oorsigbestuursraad en hulle ampstermyn
2.1.2.3 Getal deeltydse lede, rede vir aanstelling (soos om 'n bepaalde liggaam te verteenwoordig, of op grond van spesifieke kundigheid), deur wie hulle aangestel word, en hulle ampstermyn
2.1.3 **Werksaamhede/verantwoordelikhede** van oorsigbestuursraad
Bied advies, keur projekte goed, keur jaarverslae goed vir aanbeveling by die fakulteitsraad, ensovoorts
2.1.4. **Funksionering**
2.1.4.1. Getal vergaderings per jaar
2.1.4.2 Kennisgewingstydperk vir 'n vergadering
2.1.4.3 Kworum
2.1.4.4 Sekretariaat
2.1.4.5 Verslagdoening aan fakulteitsraad
2.1.4.6 Buitengewone vergadering(s): spesifiseer wie hierdie vergaderings belê, op watter manier (byvoorbeeld op versoek van 'n sekere getal lede van die oorsigbestuursraad), kennisgewingstydperk
2.1.4.7 Spesifiseer hoe besluitneming sal geskied, byvoorbeeld deur eenstemmigheid of 'n meerderheidstem, en hoe 'n staking van stemme opgelos sal word

### 2.2 Bestuurskomitee

2.2.1 Samestelling en deur wie hulle aangestel word
2.2.2 Voorsitter en ondervoorsitter, deur wie hulle aangestel word, en bepalings
2.2.3 Werksaamhede/verantwoordelikhede, byvoorbeeld daaglikse bestuur van die entiteit
2.2.4 Funksionering van die komitee – herhaling van 2.1.4.1 tot 2.1.4.7, maar met betrekking tot die bestuurskomitee

### 2.3 Direkteur/mededirekteure (of gelykstaande ampsbekleërs)

2.3.1 Deur wie hulle aangestel word, en ampstermyn
2.3.2 Plaasvervangers in geval van afwesigheid

2.3.3 Verantwoordelikhede van direkteur, byvoorbeeld ontwikkeling van strategiese plan, oorhoofse leierskap, hulpbronbestuur, finansiële bestuur, bestuur van daaglikse aktiwiteite, opstel en indiening van jaarverslag en finansiële state, ensovoorts

## 3. Aanstellings en vergoeding

3.1 Aanstellings geskied ooreenkomstig die US se menslikehulpbronbeleide en -prosedures
3.2 Diensvoorwaardes strook met die US se huidige beleide
3.3 Vergoeding uit entiteit se hulpbronne geskied ooreenkomstig die US se tariewe en skale

## 4. Finansies

4.1 Finansieringsmetode
4.2 Kantoor wat vir die daaglikse bestuur van die entiteit se geld verantwoordelik is
4.3 Entiteit self behartig daaglikse finansiële administrasie ooreenkomstig die US se huidige reëls.
4.4 Kantoor wat vir die goedkeuring van personeel se reis- en verblyfkoste verantwoordelik is
4.5 Die entiteit se boekjaar moet met die US s'n ooreenstem.
4.6 Kontrole en verslagdoening: Die US se Afdeling Finansies is daarvoor verantwoordelik om die finansiële state van entiteite op te stel voordat dit by die oorsigbestuursraad ingedien word.
4.7 Finansiële jaarverslag word vir finale goedkeuring by die fakulteitsraad ingedien, en daarna vir kennisname by die Afdeling Finansies.

## 5. Gehalteversekering

Maatreëls wat getref is om die gehalte van aktiwiteite en uitsette te verseker (raadpleeg bepalings van jongste beleid, paragraaf 7 https://sunrecords.sun.ac.za/controlled/C4%20Policies%20and%20Regulations/Beleid%20oor%20Gehalteversekering%20en%20bevordering%20aan%20die%20Universiteit%20Stellenbosch.pdf)

## 6. Navorsing, publikasies, kreatiewe uitsette en intellektuele goedere

6.1 Spesifiseer hoe publikasies en kreatiewe uitsette van die entiteit erken moet word.
6.2 Alle intellektuele goedere bly die eiendom van die US.

## 7. Regsbevoegdheid

7.1 Ingevolge artikel 20(4) van die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997 is die US 'n statutêre liggaam en 'n regspersoon met afsonderlike regspersoonlikheid wat die instelling en funksionering van alle aangeleenthede in verband met die fakulteite, departemente, sentrums, institute, skole of ander liggame wat deel uitmaak van SIS-entiteite reël. Geen SIS kan op eie gesag as regspersoon optree nie: Die US is die regspersoon.
7.2 Tekenmagte en aanspreeklikhede word deur die huidige reëls van die US bepaal.

## 8. Wysiging van grondwet

Tipes 1 en 2

Aanbeveling deur 'n twee-derdemeerderheid van die lede van die oorsigbestuursraad by (in hierdie volgorde):

a) die fakulteitsbestuur (van die enkele gasheerfakulteit, of van die vennootfakulteite in 'n entiteit met verskillende gashere);
b) die Akademiese Beplanningskomitee, dog slegs vir **kommentaar** oor akademiese en tegniese aspekte;
c) die fakulteitsraad/-rade, vir aanbeveling by die Senaat; en
d) die Senaat, vir goedkeuring.

<u>Tipe 3</u>

Aanbeveling deur 'n twee-derdemeerderheid van die lede van die oorsigbestuursraad by (in hierdie volgorde):

a) die fakulteitsbestuur/-besture van die ankerfakulteite;
b) die Viserektor: NINS, vir aanbeveling by
c) die Akademiese Beplanningskomitee en Navorsings- en Innovasiekomitee, vir aanbeveling by
d) die Senaat, vir goedkeuring.

## 9. Konflikbestuur

Dui aan hoe konflik wat nié deur die bestuurskomitee en oorsigbestuursraad opgelos kan word nie, hanteer sal word, byvoorbeeld dat indien daar konflik ontstaan wat nie deur die oorsigbestuursraad besleg kan word nie, die aangeleentheid na 'n hoër vlak van die US se uitvoerende bestuur (byvoorbeeld die dekaan/dekane (tipes 1 en 2) of die Viserektor: NINS (tipe 3)) verwys sal word, na gelang van die tipe entiteit.

## 10. Ontbinding van entiteit

10.1 Verklaring/motivering vir die ontbinding van 'n entiteit kan vir oorweging by die ABK ingedien word, tesame met 'n ondertekende verklaring deur die Afdeling Finansies oor hoe die finansiële saldo's van die entiteit hanteer sal word. Die ABK kan hetsy tot die ontbinding toestem of dit vir verdere verduideliking en herindiening terugverwys.

10.2 Verduidelik hoe sommige van of ál die werksaamhede van die entiteit na ander US-entiteite oorgedra sal word, indien van toepassing.

10.3 Aanbeveling oor die finale ontbinding by (in hierdie volgorde):

a) die fakulteitsbestuur/-besture;
b) die Akademiese Beplanningskomitee, dog slegs vir **kommentaar** oor akademiese en tegniese aspekte;
c) die fakulteitsraad/-rade, vir aanbeveling by die Senaat; en
d) die Senaat, vir goedkeuring.